Ges. 12: 1, 4
" 62: 5
" 71: 1-6

# Die Tweede Myl.

A. Kp. 18 Sept. 1960.

Matt. 5: 38-48

Matt. 5: 41 - En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam.

Die woorde van ons teks kom uit die bergrede. Die inhoud van hierdie bergrede is so radikaal, sy boodskap so revolusionêr, dat dit geen wonder is as beide Skrifgeleerdes en leke sou dink: hd. Hier kom die hele wet van Moses, die grondslag van ons hele godsdiens, omverwerp. Omdat Christus dit weet en voorsien, daarom begin Hy die tweede deel van sy rede met die woorde: „Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul" (vs. 17). En dan gaan Hy aan om 6 teenstellinge te noem as illustrasie van wat Hy bedoel en beoog nl. om teenoor die opvatting v.d. wet soos dit met loop van die tyd verseng en verletterlik en verdraai is, weer die oorspronklike, die suiwere, die sedelike inhoud daarvan te stel:

1) Die gebod oor doodslag (vs. 21)
2) Die gebod oor egbreuk (vs. 27)
3) Die gebod oor egskeiding (vs. 31)
4) Die gebod oor valssweer (vs. 33).
5) Die gebod oor weerwraak (vs. 38)
6) Die gebod oor naasteliefde (vs. 43).

Ons teks kom uit deel 5 maar dit gaan oor die saak van vergelding uit onreg: 'n strafregtelike bepaling deur Moses daargestel waar iemand 'n ander een ligg. leed aangedoen het (Exod. 21: 24, Lev. 24:20, Deutr. 19:21). Xtus se bedoeling is hier nie om die uitoefening v.d. regspraak deur die owerheid aan te tas nie, maar om die ware betekenis v.d. wet soos deur God aan Moses gegee - die gebod van die naasteliefde - weer te herstel.

Hd. gebod pas Christus nou toe op iemand wat dd. liefde tot sy naaste nie het nie, op iemand wat deur sy optrede bewys dat hy geen sodanige liefde besit nie: Xtus noem Hom 'n slegte, bose mens (Gr: τῷ πονηρῷ) en dan kom Hy met die radikale, „onprakties" eis dat ons as Xtene so iemand nie moet „weerstaan" nie. As verduideliking van wat Hy bedoel gee Hy 3 illustrasies:

1) regterwang, bo- en onderkleed, die 2e myl.

1) Regterwang: let daarop dat dit hier weer na die mees beledigende manier w/op een mens 'n ander op d. wang kan slaan: met die agterkant v.d. regterhand ~~teen~~ deur d. gesig (van links na regs). As dit gebeur: draai die ander wang. (Dus skande + vernedering) nie hegg.

2) Bo- en onderkleed: Gebruik in Israel om iemand se onderkleed as pand te neem as hy by jou kom leen het. (Ex. 22:26, Deut. 24:12, 13). Duidelike voorwaarde: dd. pand moet teen d. aand weer teruggegee word, sodat d. arme iets kan hê om in te slaap. Die bedoeling van Xtus is ook nou dus nie, dat 'n mens jou klere of besittings aan elke willekeurige eiser moet afstaan nie, maar dat jy in sulke hofsake en onbillike regseise liewer ~~slaak~~ ontbloot sal bly as Xten as om na die gereg te gaan.

3) Tweede myl: Verwys hier na die gebruik, veral deur die militêre besetters van 'n land, om iemand te dwing om te help met vervoer van voorrade. Hiervan het ons 'n pragtige voorbeeld in Matt. 27 en Mk. 15:21 waar Simon van Cirene gedwing is om Jesus se kruis te dra. Hier in die teks bedoel Jesus seker die bereidheid van die Xten om homself nie te verset teen so 'n onregverdige en onbillike eis nie, maar om sy ~~eie~~ vyande te beskaam deur dubbel soveel te ~~doen~~ en tweemaal so ver te gaan.

Van belang om ~~twee~~ drie dinge te onthou i.v.m. hd 3 illustrasies:

1) Xtus maak hier gebruik (soos ook by ander uitsprake) van 'n besondere manier van praat nl. om tussen die wettiese spitsvondigheid en angstelikheid v.d. Skrifgeleerdes die swiwere waarheid in die ~~vorm~~ konkrete van 'n skerp kontras te giet met om deel: om d. seeftende. doodgewoonste mens uit sy valse rus op te wek!

2) Xtus se bedoeling nie hier om die regspraak te verwerp nie: Xtus erken dat die regspraak noodsaaklik bly solank alle mense nie Christene is nie; maar Hy wil sy dissipels leer dat in hulle omgang m. d. naaste nie hulle reg volgens wet as maatstaf moet geld nie, mn. deur die uitlewing van die gees v. liefde en welwillendheid juis t.o.v. die geweldenaar, die onregverdige en die onbeskaamde

3) Xtus gee hier nie beslissinge wat altyd letterlik so uitgevoer moet word nie, maar Hy gee hier praktiese illustrasies van gebruike wat aan die volk bekend was om die groot beginsel v.d. naasteliefde te bewys en verklaar (Vgl. Xtus se eie optrede toe soldaat Hom geslaan het).

Waarom het Xtus so sterk hierop gestaan?

1) Omdat die wet van vergelding niks oplos nie:

a) Vir veronregte: ∫ as jy toelaat dat gevoel van verontregting groei en toeneem is jyself die een wat op d. lang duur die meeste ly: jou haat maak jou haatlik en gehaat; jou wraaksug wek op jou wraakgierigheid; op die lang duur word jy nes die persoon wat onreg pleeg (vb. Ben Hur + Marcella).

b) Vir d. wat onreg doen: Terugbetaling in eie munt maak hulle haat & neusin net erger: haat wek meer haat, onreg bring groter onreg, vergelding roep om groter vergelding!

2) Omdat alleen d. liefde v. God liefde tussen mense kan bring: Die bisk. v.d. Evangelie:

→ ~~Party~~ morele se bewering: dis d. Evangelie v.d. swakkeling, die lafaard. ~~die morele~~ : Verstaan nie dat dit baie meer morele moed en krag vra om te vergewe as om te vedelg, om lief te hê as om te haat!

→ Tekens van toenemende spanning, opmekking van gevoelens van bitterheid in ons land tussen Kerk en Kerk, ~~party~~ volksgroep en volksgroep, ~~Kleur teen Kleur.~~ ~~ras en ras.~~ ~~En~~ Die menslike, die maklikste weg is om te sê: Oog vir oog en tand vir tand; nr. dis d. sondige weg – vir die Xtene die geslote weg. Die wêreld kan so praat – ons as Xtene mag nie en moenie so praat. ons het 'n ander boodskap, bomenslik, moeilik nr. dis die goddelike weg:

Rom. 12:19-21 – „Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.

Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie." Amen